Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JULIE 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BEGROTING 2019/20: *Ondanks die onvoorsiene en onvoorspelbare is Overstrand steeds kerngesond*

Ten tyde van 'n vergadering wat op 29 Mei 2019 gehou is, het die Raad goedkeuring verleen vir Munisipaliteit Overstrand se finale hersiende geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) vir 2019/2020 sowel as die plaaslike owerheid se beraamde besteding aan bedryf- en kapitaaluitgawes vir die boekjaar beginnende op 1 Julie 2019. Tesame gaan bedryf- en kapitaalbesteding vir 2019/20 R1 511 639 809 miljard beloop (R1 249 962 889 miljard vir bedryf-R261 676 920 miljoen vir kapitale uitgawes).

In sy begrotingsrede het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, raadsheer Dudley Coetzee, daarop gewys dat kwessies wat in die loop van 2018/19 met betrekking tot die verskaffing van noodbehuising en verwante dienste ervaar is, sowel as die verwoestende skade wat vroeër vanjaar deur veldbrande veroorsaak is, 'n geweldige impak op die 2019/20-begroting gehad het. Desondanks is hy daarvan oortuig dat die begroting voorsiening maak vir gemeenskappe se ontwikkelingsbehoeftes, soos verwoord in die tweede hersiene weergawe van Overstrand se meesonlangse geïntegreerde ontwikkelingsplan. "Waar gepas, sal fondse van lae- na hoëprioriteitprogramme oorgeplaas word ten einde te verseker dat daar na behore en met sorg oor fondse beskik word," het hy gesê, en bygevoeg dat Overstrand sy besteding aan onbenullighede voortaan in toom sal hou en, na die beste van sy vermoë, kostebesparende maatreëls sal afdwing. Die goedgekeurde kapitaalbegroting vir 2019/20, ten bedrae van R261.7 miljoen, is 49,7% hoër vergeleke met 2018/19 se aansuiweringsbegroting. Hierdie toename kan in hoofsaak toegeskryf word aan oorrolle ten bedrae van R61 miljoen voortspruitend uit die 2018/19-aansuiweringsbegroting, jaar-tot-jaar-skommelingeendiewysewaaropdiebehuisingstoekenning tussen topstrukture (bedryfsuitgawes) en diensinfrastruktuur (kapitaaluitgawes) verdeel word. Die kapitaalbegroting maak ook voorsiening vir ongeveer R14,3 miljoen om projekte, voortspruitend uit die openbaredeelnameprosesse verwant aan die GOP, te dek.

"In die loop van die 2019/20-boekjaar is ons van voorneme om verdere kapitaalprojekte te implementeer om van verouderde waternetwerke en rioolbehandelingsaanlegte werk te maak en, allerbelangrik, om aandag te skenk aan stormwaterprojekte," het die Burgemeester gesê.

Eiendomsbelasting vir huishoudings, sakeondernemings en onbeboude erwe gaan met 5,7% styg, en so ook water- en sanitasiedienste. Vullisverwydering styg egter met 12,86% en elektrisiteit gemiddeld met 13,07%.

Ten opsigte van personeeluitgawes het die Burgemeester te kenne gegee dat begrote salarisverhogings en kerfaanpassings ooreenstem met die ooreenkoms wat met die bedingingsraad vir plaaslike regerings aangegaan is en wat sedert 1 Julie 2018 vir die volgende drie jaar geld. Voorts is raadslede se vergoeding vir die 2019/20-begroting bereken teen dieselfde tarief wat vir 2018/19 bepaal is aangesien 'n aanpassing in hierdie verband deur die voormalige minister vir samewerkende regering en tradisionele sake steeds afgewag word.

Afskrifte van die finale hersiende GOP en dokumentasie verwant aan die goedgekeurde begroting lê ter insae by die kantore van alle areabestuurders, alle openbare biblioteke binne die munisipale gebied en op die munisipaliteit se amptelike webwerf.

DIE BOBBEJAANBESTUUR GESAMENTLIKE TAAKSPAN OORWEEG PRAKTIESE MAATREËLS VIR DIE BESTUUR VAN PROBLEEM BOBBEJANE IN DIE OVERSTRAND MUNISIPALE GEBIED.

Die Munisipaliteit Overstrand, die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad (Cape-Nature) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning het in Maart 2019 'n *Compactum* (ooreenkoms) geteken ter bevordering van hulle wedersydse verpligtinge om saam te werk onder die bepalings van *Hoofstuk van die Intergovernmental Relations Framework Act, 2005* (Wet 13 van 2015).

Die ooreenkoms verteenwoordig die pogings aangewend deur die partye om eenstemmingheid te bereik oor wat prakties gedoen moet word om probleem bobbejane aan te spreek in die Overstrand munisipale gebied. Die ooreenkoms het betrekking op die nagenoeg 14 bobbejaantroppe van wisselende groottes, bestaande uit nagenoeg 450 diere in totaal wat voorkom in die Overstrand munisipale gebied-insluitend in warm kolle (*hot spots*).

Omgewingsfaktore soos brande en droogte kan ook die gedragspatrone van bobbejaantroppe verander en daarom kan die risiko potensiaal van gebiede sporadies verander; soos ervaar is binne die Overstrand. Dit is belangrik om daarop te let dat risiko-kategorisering van gebiede waar troppe tans meer aktief is, kan verander as gevolg van die invloed van eksterne omgewingsfaktore.

Die eerste stap ingevolge die ooreenkoms was die totstandkoming van 'n Bobbejaanbestuur Gesamentlike Taakspan vir doeleindes van die saamstel van 'n Strategiese Bobbejaan Bestuursplan vir die Overstrand munisipale gebied. Die doel van die bestuursplan word soos volg in die ooreenkoms uiteengesit en ons haal aan:

"2.1. identifying and agreeing on practical measures that are necessary to deal effectively with these baboons;
2.2. costing the identified necessary measures;
2.3. agreeing on the allocation of, and the Parties' financial contribution towards, each of the identified necessary measures;
2.4. considering the establishment, and potentially recommending terms for, a joint decision-making structure to maintain oversight over the persons tasked with implementing the identified necessary measures, as well as to deal on a consensual basis with contentious or sensitive matters that may arise; and
2.5. negotiating the terms of an implementation protocol that gives effect to the above, which protocol will then provide for the joint management of these baboons in terms of a strategic baboon management plan (hereinafter referred to as: "the SBMP")."

Die Gesamentlike Taakspan het reeds twee keer ontmoet (op 20 Maart en 18 April 2019). By hierdie vergaderings is die algemeen verlangde uitkomste en resultate van die Overstrand Strategiese Bobbejaan Bestuursplan bespreek sowel as die uitsette en aksies, tydsraamwerke, verantwoordelikhede en begrotings vir 'n Implementeringskedule vir die eerste drie jaar van hierdie periode. Die sleutel uitkomste wat geprioritiseer is vir doeleindes van die bestuursplan is: doeltreffende regulatoriese vereistes en ondersteuning; monitering van bobbejaantroppe en heinings (insluitend virtuele heinings) wat daarop gemik is om bobbejane buite stedelike gebiede te hou; afvalbestuur (om te verseker dat afval ontoeganklik is vir bobbejane); publieke kommunikasie en bewusmaking. Die partye is in ooreenstemming dat die samewerking van rolspelers en inwoner-vennootskappe plaaslike institusionele ondersteuning sal bevorder. Terwyl die bestuursplan nog nie gefinaliseer is nie, is die partye hoopvol dat daar binnekort ooreengekom kan word met die finalisering van 'n ooreengekome begroting en die toewysing van take om kort daarna te volg. Dit sal die finalisering en implementering van die betsuursplan moontlik maak sowel as verbeterde ondersteuning vir en vennootskappe met plaaslike inwoners. Verklaring uitgereik deur: Munisipaliteit Overstrand, CapeNature en en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die bestuur van bobbejane in the Overstrand munisipale gebied.

NUWE BANK REKENINGE VANAF 1 JULIE 2019

Vanaf **1 Julie 2019** sal die munisipaliteit saam met **NEDBANK** in vennootskap wees vir bankdienste. Dit is ons strewe om die oorgang so glad moontlik vir al ons kliënte te laat verloop. Kliënte wie deur middel van die debietorderstelsel betaal, hoef geen veranderinge aan te bring nie, aangesien die nodige besonderhede deur die munisipaliteit opgedateer sal word. Dié kliënte wie rekeninge met EASYPAY, PAY@ of SAPO betaal, hoef slegs hul nuutste munisipale rekening by die betaalpunt aan te bied. Die nuwe bankinligting sal vooraf op die rekening gedruk word.

Die volgende nuwe bankrekeninge sal beskikbaar wees vir die betaling van munisipale rekeninge en verkeersboetes:

OVERSTRAND MUNISIPALE REKENINGE: Rekeningnommer 1190136899

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van maandelikse munisipale rekeninge en die betaling moet die 12 numeriese syfers rekeningnommer as die verwysing insluit. Kliënte wat via die internet betaal, word versoek om hul begunstigde besonderhede in hierdie verband op te dateer.

OVERSTRAND VERKEERSBOETES: Rekeningnommer 1190137186

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van Overstrand Munisipaliteit verkeersboetes. Die betaling moet die 10 tot 16 alfanumeriese verwysingsnommer insluit wat op die boete aangedui word. Let asseblief daarop dat die '' / '' nie in die verwysingsnommer ingesluit moet word nie.

TOP 10 PRIORITEITSPROJEKTE

Beskrywing	Wyk	Bedrag
Water Meesterplan-implementering	Overstrand	16 286 360
Opgradering Hawston Sportkompleks	Wyk 08	15 577 530
Masakhane IRDP (296) (Behuising)	Wyk 01	11 113 300
Hermanus Nuwe Oorlaaistasie	Overstrand	10 000 000
Nuwe reservoir vir Pringlebaai	Wyk 10	9 175 105
Hermanus: MV & LV opgradering / vervanging (Elektrisiteit)	Wyk 03	8 871 500
Sakekern Herlewingsprogram	Wyk 03	7 644 182
Blompark Behuisingsprojek (stormwater)	Wyk 02	7 485 744
Nuwe 4ML Reservoir	Wyk 01 & 02	7 098 256
Gansbaai SSK Rioolnetwerk-uitbreiding	Wyk 02	6 574 574

2019/20 BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Totale inkomste:
R1.244 biljoen [styg met 8,3%]
R1.6 miljoen [billike deel]
R25.1 miljoen [behuisingstrukture]
Totale besteding:
R1.250 biljoen [styg met 8,3%]
Tekort van R76.4 miljoen
Tariewe:
Eiendomsbelasting 5,7%
Basiese elektrisiteitsheffing 15% [verbruikskoste sal trapsgewys oor stygende blokke met tussen 12% en 13% styg]
Water 11,5 %
Riolering 5,7%
Afvalverwydering 12,86%

Kapitaalbegroting: *Styging van 49,7% in kapitale begroting ten bedrae van R261.7 miljoen. Addisionele projekte ten bedrae van R14.2 miljoen. Projekte oorgedra vanaf 2018/19 ten bedrae van R26.5 miljoen*

Water: Slegs deernis huishoudings ontvang eerste 6 kℓ gratis. 'n Toename van 11,5% tot water verbruik wat wissel van 0 tot 6 kℓ per maand.

Riolering: Tariewe vir die verwydering van riool sal met 5,7% styg, wat 'n daling van 0.3% van die vorige boekjaar beteken.

Afvalverwydering: Die tarief vir afvalverwydering sal met 12,86% styg.

WATERKWALITEIT BY MUNISIPALE WATERSKEMAS

OKTOBER 2018 - MAART 2019 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	STANDAARD VOLGENS SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN DRINKWATER KWALITEIT:								
			Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai & Bettybaai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baards-keerders-bos	Buffels-jagsbaai
pH	pH-eenheid	≥ 5 to ≤ 9,7	6,7	7,2	7,5	7,3	7,6	7,5	7,7	9,1	7,6
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	26,0	29,3	42,9	75,8	86,4	31,1	50,7	60,2	163,2
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,8	0,2	0,5	0,1	0,5	0,1	0,2	0,5	0,2
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	4,0	4,0	4,0	4,0	4,0	4,0	4,0	4,0	4,0
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	29,3	24,0	82,7	-	33,7	-	20,2	105,2	33,8
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	28,5	-	-	-	-	36,8	19,0
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	139,5	58,3	98,2	-	192,5	-	27,2	-	12,00
E.coli	telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater publiseer. Waterkwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater gemeet.

Op die tabel hiernaas is die resultate vir die tydperk van Oktober 2018 tot Maart 2019 se waterkwaliteit-metings vir Overstrand se nege water-aanlegte. Watermonsters word maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dit dat ons waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater nie voldoen aan SANS 0241 nie, word daar regstellings by die watersuiweringsaanleg en in die water netwerk gedoen. Die finale drinkwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan SANS 0241 voldoen.

AFVAL WATER EFFLUENT KWALITEIT

OKTOBER 2018 - MAART 2019 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMENE MAGTIGING-STANDAARDE (Van toepassing op alle WWTW's behalwe Hermanus)	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN RIOOLWERKE-UITVOEISEL KWALITEIT VIR:					Hermanus Permit magtiging-Standaarde
			GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	
pH	(pH)	5.5-9.5	6,8	7,6	7,5	7,5	7,3	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	146	157	134	127	179	5000
Fekale koliforme bakterie	(telling/100mℓ)	1000	85	64	48	403	328	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Max	48	59	53	65	55	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Max	1	9	2	56	4	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Max	4,8	1,1	8,9	1,3	1,3	17 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)		0,2	0,3	0,2	0,4	0,2	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Max	7	9	16	20	8	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Max	2	5	4	4	2	10 Max

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van die uitvloeisel van hul rioolsuiweringswerke publiseer. Die gehalte van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as òf Algemene Standaarde òf Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die tabel hierbo illustreer die gemiddelde metings by Munisipaliteit Overstrand se vyf suiweringsaanlegte teenoor parameters wat vir die gehalte van uitvloeisel gestel word oor die afgelope ses maande, vergeleke met die DWS se Standaarde. Monsters word op 'n maandelikse basis vir ontleding deur geakkrediteerde laboratoria geneem. In Munisipaliteit Overstrand voldoen die gehalte van die finale uitvloeisel van vuilwater in 93% van die gevalle.

In gevalle waar die toets resultate van die finale uitvloeiselmonster nie voldoen aan die standaard nie, word daar regstellings by die werke gedoen. Die afloopwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters aan die standaard voldoen.

MUNISIPALE REKENINGE: HOE 2019/20 SE MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE SAL LYK

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2019/20				
Hoë verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	1 170,70	1 240,94	70,24	6,00
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	536,31	568,69	32,38	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis Een keer per week	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 50 kℓ	1 020,71	1 083,43	62,73	6,15
BTW 15%	263,06	280,50	17,44	6,63
SUBTOTAAL	**3 187,51**	**3 391,46**	**203,95**	**6,40**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 1500kWh	2 659,14	2 840,57	181,42	6,82
BTW 15%	398,87	426,09	27,21	6,82
TOTAAL	**6 245,53**	**6 658,11**	**412,58**	**6,61**
HPB indien van toepassing	117,07	124,09	7,02	6,00

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2019/20				
Sub-ekonomiese Verbruik (Deernis) Waardasie: R1000 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	16,97	17,98	1,02	6,00
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	194,10	205,81	11,71	6,03
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	40,96	43,42	2,46	6,00
BTW 15%	41,51	43,64	2,13	5,12
SUBTOTAAL	**335,23**	**352,55**	**17,31**	**5,16**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 350kWh	300,90	318,35	17,45	5,80
BTW 15%	45,13	47,75	2,62	5,80
TOTAAL	**681,27**	**718,65**	**37,38**	**5,49**
HPB indien van toepassing				

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2019/20				
Medium verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R25 000 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	831,37	881,25	49,88	6,00
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	322,43	341,89	19,46	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis Een keer per week	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 25 kℓ	387,97	412,73	24,76	6,38
BTW 15%	136,07	145,88	9,81	7,21
SUBTOTAAL	**1 874,56**	**1 999,63**	**125,07**	**6,67**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 800kWh	1 361,83	1 454,39	92,56	6,80
BTW 15%	204,28	218,16	13,88	6,80
TOTAAL	**3 440,67**	**3 672,18**	**231,51**	**6,73**
HPB indien van toepassing	83,14	88,12	4,99	6,00

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE 2019/20				
Sake - Medium (Drie-fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	2 056,00	2 179,36	123,36	6,00
Riool* Tarief Kode SE7A1+SE8A 1	548,53	581,65	33,12	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis Een keer per week 3	465,11	493,05	27,94	6,01
Water 40 kℓ	780,84	827,69	46,85	6,00
BTW 15%	275,43	293,39	17,96	6,52
SUBTOTAAL	**4 167,60**	**4 428,68**	**261,08**	**6,26**
Elektrisiteit: Kredietmeter 7000kWh	11 818,34	12 554,77	736,43	6,23
BTW 15%	1 772,75	1 883,22	110,47	6,23
TOTAAL	**17 758,69**	**18 866,67**	**1 107,98**	**6,24**
HPB indien van toepassing	205,60	217,94	12,34	6,00

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2019/20				
Lae verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie R1 000 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	322,37	341,71	19,34	6,00
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	236,87	251,17	14,30	6,04
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
Vullis Een keer per week	155,04	164,35	9,31	6,01
Water 15 kℓ	240,98	256,92	15,94	6,62
BTW 15%	101,19	108,90	7,71	7,62
SUBTOTAAL	**1 098,14**	**1 176,59**	**78,45**	**7,14**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 600kWh	991,18	1 058,34	67,17	6,78
BTW 15%	148,68	158,75	10,07	6,78
TOTAAL	**2 237,99**	**2 393,68**	**155,69**	**6,96**
HPB indien van toepassing	32,24	34,17	1,93	6,00

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE 2019/20				
Waardasie gemiddeld Waardasie: R250 000	Jaar 2019/20	Jaar 2019/20	Bedrag	% Verhoog
Belasting	145,21	153,92	8,71	6,00
Riool kan verbind Beskikbaarheid	108,54	115,09	6,55	6,03
Vullis Beskikbaarheid	77,51	82,17	4,66	6,02
Elektrisiteit Beskikbaarheid	267,52	291,60	24,08	9,00
Water Beskikbaarheid	121,83	129,14	7,31	6,00
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	41,70	53,54	11,84	28,39
BTW 15%	92,56	100,73	8,17	8,82
TOTAAL	**854,86**	**926,18**	**71,32**	**8,34**
HPB indien van toepassing	14,52	15,39	0,87	6,00

HPP - Hermanus Openbare Beskerming

STOMPKOPKEWERS 'N WARE BEDREIGING VIR BOME - HELP ONS OM HIERDIE PLAAG TE BEKAMP

Duisende bome oral in die land het reeds gevrek weens 'n plaag wat tans veroorsaak word deur 'n kewer algemeen bekend as die stompkopkewer (in Engels *polyphagous short hole borer of PSHB*).

Die kewers val verskeie boomspesies aan deur tonneltjies te boor waarin hulle hul eiers lê. Boonop stel hulle tegelyk 'n giftige swamspoor vry waarop beide die larwes en die volwasse kewers later kan voed. Hierdie swam blokkeer die boom se interne transportsisteem wat, afhangende van die boomspesie en die vlak van besmetting, uiteindelik daartoe lei dat die boom vrek.

In 'n poging om hierdie plaag in toom te hou, doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op alle eienaars van eiendomme, en besorgde bure, om bome te inspekteer vir tekens van die volgende:

- Boomgom of -sap wat op die bas deursyfer
- Ooglopende in- en uitganggaatjies
- Suikeragtige uitsweetstowwe
- Opmerklike saagsels of larwe-uitwerpsels (ekskreta) rondom die gaaitjies
- Swamverkleuring op jong hout of buitekantste bas
- Vrekte van 'n deel van die boom of die hele boom

Tipiese tekens van stompkopkewer-besmetting

Tot op hede is daar geen geregistreerde middel wat die kewer of die swam doeltreffend kan behandel nie. Bome wat erg besmet is, word verwyder en vernietig ten einde te verhoed dat die siekte versprei.

Let egter asseblief daarop dat die verwyderingsproses in geheel (d.w.s. die uitkap, opkap, vervoer en aflaai van 'n besmette boom) omsigtig benader moet word. 'n Dringende beroep word op die publiek gedoen om nie enige besmette bome uit te kap en die besmette materiaal na 'n stortingsterrein of oorlaaistasie te vervoer nie aangesien dit tot gevolg kan hê dat die swam versprei word na areas wat tot op hede nog nie geaffekteer is nie.

Indien enige van die bogenoemde simptome in bome waargeneem word wat daarop dui dat hulle dalk deur die stompkopkewer besmet is, kontak asseblief die departement omgewingsbestuursdienste onmiddellik by (028) 316-3724 sodat die nodige stappe geneem kan word om die risiko's te beperk.

Om meer te wete te kom van dié vernietigende kewer, besoek https://bit.ly/2SfuySw. Meer besonderhede is ook beskikbaar by www.fabinet.up.ac.za/index.php/research/7

Is u 'n boer? U kwalifiseer dalk vir 'n korting!

Landbou-eiendomme sal teen die "PLASE"-tarief belas word, mits die eienaar/boer bewyse aan die munisipaliteit kan voorlê dat die eiendom vir *bona fide*-landboudoeleindes gebruik word.

Aansoekvorms is beskikbaar op ons webwerf.

Navrae in hierdie verband kan gerig word aan Overstrand se eiendomsbelasting- en databeheerkantoor by (028) 313-8000, gefaks word na (028) 312-1894 of per e-pos gestuur word na enquiries@overstrand.gov.za.

Pensioenaris of gestrem? Dalk kwalifiseer u vir 'n korting!

Afgetrede en gestremde persone kwalifiseer vir spesiale kortings op eiendomsbelasting, gegrond op hulle totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste. Om vir die korting te kwalifiseer:

- Moet die eienaar/s 'n Suid-Afrikaanse burger/s wees
- Moet die aansoeker/s die geregistreerde eienaar/s wees
- Moet die eienaar/s die eiendom as sy/haar/hulle primêre woning okkupeer
- Moet die eienaar/s minstens 60 jaar oud wees of 'n gestremdheidspensioen van die staat ontvang
- Mag die bruto huishoudelike inkomste nie meer as agt maal dié van 'n staatsbefondsde maatskaplike pensioen per maand (R14 240) wees nie
- Mag die aansoeker/s nie die eienaar/s van meer as een eiendom wees nie

Aansoekvorms is beskikbaar op ons webwerf.

Navrae in hierdie verband kan gerig word aan Overstrand se eiendomsbelasting- en databeheerkantoor by (028) 313-8000, gefaks word na (028) 312-1894 of per e-pos gestuur word na enquiries@overstrand.gov.za.

VOORTAAN SAL DAAR WEER VIR PARKERING IN HERMANUS OPGEDOK WORD

Ná 'n paar weke waartydens motoriste gratis in Hermanus se sakekern kon parkeer, het parkeringbestuursbedrywighede weer teen die einde van Mei hervat.

Gedurende gewone werksure [08:30 - 16:00] op Maandae tot Vrydae beloop parkeertariewe R1 vir 15 minute, R2 vir 30 minute (of 'n deel daarvan) en R4 per uur. Op Saterdae is werksure van 08:30 tot 13:00 en parkeertariewe kos R4 per uur (of enige deel daarvan). Op Sondae en openbare vakansiedae sal parkering gratis wees.

Die parkeringsopsigters is in swart geklee, dra geel veiligheidsbaadjies en het almal elektroniese masjientjies wat 'n strokie uitdruk waarop die tyd bestee en waarvoor betaal is, aangedui word.

Saans en op Sondae/openbare vakansiedae wanneer daar geen parkeringsopsigters is nie, is geen gelde betaalbaar nie.

Dit is nie verpligtend om 'n plaaslike motorwag (geklee in groen, oranje of geel veiligheidsbaadjies) 'n fooitjie in die hand te stop omdat hy of sy vir 'n rukkie 'n ogie op jou voertuig gehou het nie. Dit is opsioneel, maar sal opreg waardeer word deur die minderbevoorregtes wat 'n inkomstetjie probeer verdien.

Parkeergeld word vooruit betaal aan een van die opsigters wat aan 'n parkeerarea toegewys is. Indien jy langer sou parkeer as waarvoor jy betaal het, kan jy die balans aan die parkeringsopsigter betaal wanneer jy jou voertuig afhaal.

Let ook daarop dat gratis parkering beskikbaar is by Hoy se Koppie (oorkant Checkers), op die grond van die NG-kerk, Hermanus, en by Gearing-punt.

Hou ook in gedagte dat parkeergelde wat deur inkopiesentrums soos Woolworths en Checkers op hulle eie private grond gehef word, deur die operateurs van daardie sentrums bepaal word aangesien daardie sentrums nie aan die munisipaliteit behoort nie.

Parkeerskyfies

Sake-eienaars het ook die opsie om 'n permanente parkeerskyfie teen 'n koste van R320 per maand van AFRISERV te bekom. Hulle kantore is geleë te Royalstraat 12, Hermanus.

Klagtes

Klagtes rakende parkeringsopsigters kan tussen 08:00 en 16:30 gerig word aan Phillip Kapa by 072 588 8618 of 0725888618@vodamail.co.za.

As jy nie weet wat die betrokke parkeringsopsigter se naam is nie, vermeld bloot die datum, tyd en die area.

Boor van twee nuwe boorgate in Hermanus neem 'n aanvang

Ten einde sy grondwatervermoë uit te brei in 'n poging om in die toenemende vraag na water in die dorp te voorsien, gaan Munisipaliteit Overstrand twee nuwe boorgate in die omstreke van die Gateway- winkelsentrum boor. Boorwerk is geskeduleer om vroeg in Junie te begin en sal na verwagting drie weke duur.

Beide boorgate is op munisipale grond in die omstreke van Mountain-rylaan oorkant die R43 wat langs die Gateway-winkelsentrum verbyloop.

Die boorgate sal geboor word tot op 'n diepte van ongeveer 300 meter en is ontwerp om die dieper akwifeer in die skiereilandformasie te teiken en sal dus nie 'n impak op die vlakker akwifere hê waaruit die meeste huishoudings hul grondwater onttrek nie.

Daar word voorsien dat water telkens in die loop van die boorproses raakgeboor sal word. Dit sal tot gevolg hê dat groot hoeveelhede ondrinkbare water van selfs meer as 50-100 liter per sekonde uit die grond spuit. Hierdie water sal opgevang en in stormwaterriolering weggelei word.

Aangesien boorwerk geraas en stof tot gevolg gaan hê, sal dit net in die dag plaasvind. Voorts sal die impak op nabygeleë inwoners soveel as moontlik versag word, en hulle sal ingelig word alvorens boorwerk 'n aanvang neem.

Na raming sal boorwerk tussen een en twee weke per boorgat duur. Neem egter kennis dat pomptoetsing 'n week sal duur en dat hierdie 'n 24-uur-aktiwiteit gaan wees.

O·A·K

Niel Rademan (klavier), Corneil Müller (tjello), Lucas Heinen (trekklavier) en Louis Jones (perkussie/tromme) sal die gehoor bekoor met 'n klassieke karett-styl program in die Burgersentrum om 15h30 op Sondagmiddag, 18 Augustus. Items sal die volgende insluit: SKIELIK IS JY VRY, AMSTERDAM, POR UNA CABEZA en AL Lê DIE BERGE NOG SO BLOU.

Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) en sal vanaf begin Augustus beskikbaar wees by die Toerismekantoor (028 312 2629). Kontak René du Plooy op 082 940 4238 vir verdere inligting.

Die jaarlikse PRESTIGE KONSERT van die OVERBERG EISTEDDFOD word op Dinsdagdag, 27 Augustus om 7 nm gehou. Kaartjies sal beskikbaar wees by die Toerismekantoor op Hermanus (028 312 2629) en kos R40.